

rooi rose

STYLVOL
SINVOL
PROPVOL

rooirose.co.za

Anna-Mart & Rolanda SKITTER SAAM OP DIE SILWERDOEK

SOMERMODES
KOEL, STYLVOL
& GEMAKLIK

RED JOU VERHOUDING
10 GESPREKKE WAT
JULLE MOET HÊ

LIEWE AARDE!
WENKE VIR 'N
GROEN SKOON-
HEIDSROETINE

HOE GEMAAK MET
AFRIKAANS AS
JULLE EMIGREER?

**FEESPOEDINGS
MET SKOP**

JANUARIE 2020 R45,00 (BTW INGESLUIT)
ANDER LANDE R39,47 (SONDER BELASTING)

ISSN 00358207



9 770035 820003

Voorspoedige
2020

DIE NUWE SUPERKOSSE WAARVAN JY NOU MOET WEEET

Die Woestyndosyn

Jare lank al bied Live the Journey viertrek-avonture deur die diep Namibwoestyn aan. Tog is daar mos altyd die hunkering na die groter avontuur. Wat daarvan om die viertrek vir voete te verruil? Namibië se Departement Natuurbewaring het ingestem en om seker te maak dis nie 'n weghol manne-ding nie, is 12 vroue en 'n paar mans genooi om die eerste treë te kom gee

Deur GERRIT RAUTENBACH

Honderd kilometer oor vyf dae deur die oudste woestyn op aarde, mees- tal langs die

Skedelkus af, is nie ligte musiek nie. Veral as niemand regtig seker is hoe, waar of wat dit gaan wees nie. Die organiseerders noem dit 'n *recce* (en almal hoor net vir Tolla: "Ek is 'n *recce* en ek is rof en maak my broek met 'n geelsing vas!") Gelukkig weet die organiseerders wat hulle doen en hulle ken die Namib baie goed.

Stuk-stuk het die span op Walvisbaai aangekom. Op die vooraand van die groot stap vergader almal by Lagoon Chalets op Walvisbaai vir 'n spanpraatjie. Soos dit maar met enige nuwe groepering gaan, kyk almal mekaar deur. "Gaan ek dit maak?" "Gaan sy my wegstap?" "Het ek die regte toerusting?" Van môre af gaan groepsdinamika begin inskop. Die woestyn is 'n gelykmaker.

Vroegoggend is ons suidwaarts per viertrek weg, weg van Walvisbaai en weg van die beskawing af. So 40 km verder kom die konvooi tot stilstand by 'n plek genaamd Modderbankies. Ground Zero ... Ons amptelike beginpunt. Almal klim uit, maal 'n bietjie rond en staan paraat vir 'n eerste amptelike groepfoto. Toe's dit sulke tyd. Voetevat en spore klap, daar gaat ons! Stapstokke, kamaste, sonbrandroom en toedraailappe vir die vreesaanjaende

ooswind. Wat vir vyf dae weggebly het. Die weer was helpad ons grootste vriend.

Skielik word alles baie lekker, lekkerder, lekkerste. Elkeen stap sy eie pas. Jy stap jou in 'n eietyd in. Maar jy voel nooit verlate of verlore nie. Jy weet Live the Journey se mense is altyd daar iewers. Met 'n ekstra botteltjie water of 'n kouding vir die honger. Die reëling was dat stappers net met 'n dagpak vir 'n kossie, water en kamera stap. Live the Journey ry al die swaar goed aan en maak kamp waar ons oorslaap. Lank voor ons daar aangestap kom.

Die eerste dag het ons om die Sandvis-hawe-strandmeer met 'n swetterjoel pienk flaminke gestap. Dit was 20 km op die kop. Almal voel trotser op hulself. Almal hou meer van mekaar. Live the Journey maak vuur en sorg mooi vir die Woestyndosyn. Met 'n opgeslane kleinhuisie en warm stort. Jy moet net jou eie tent opslaan, maar die manne maak die kos. En die res. Môreoggend stap jy bloot voort ná 'n bielië-brekfies en die ouens breek af, pak op en beur vorentoe tot by die volgende kamp waar jy aankom en die koue bier wag vir jou in die Engel-yskas. Of die G&T. Driegangetes met roomys vir poeding.

Op pad na die volgende kamp is ons verby die Langewand. Dis 'n natuurver-skynsel van 13 km waar die duine reg teen die see lê. Jy kan net met laagwater



droogvoets daar deur. Ons tydsberekening was goed. Net 'n agteros of twee is natvoet gevang. Die Langewand is uniek, maar moeilik om reg te beskryf. Susina Jooste, een van die Woestyndosyn sê: "Die Langewand was aangrypend met sy gotiese sandkatedrale wat vorm en ontvorm, dit was vir my 'n plek van verootmoediging, 'n plek waar ek met dankbaarheid kon nadink oor al die seën en genade wat ek tot dusver ervaar het. Niemand stap onaangeraak uit hierdie woestyn nie."

Franci Swart van Swellendam reken "die ervaring was soveel groter as my vooropgestelde idees. Die ruimtes is ruimer, die duine is hoër, die nagte kouer en die kuiers lekkerder!"

Hoewel Dag Twee se 26,5 km die langste was, was Dag Drie (23 km) die groot toets. Ná ons by troppe en troppe robbe verby is, het hoofgids Jacques Delpont se bakkie by 16 km op ons gewag. Ons was dit nou al gewoond. Hy het gewoonlik van die vorige aand se oorblykos uitgepak en ons kon ook water aanvul. Dit het ons gedoen, maar toe sê hy in sy rustige stem dat ons van daar af verder sy bakkiespore moet volg kampplek toe. Ons kyk en sien die spore loop reg oos, die diep Namib se hoë duine in. Daardie aand was 'n hele paar stappers dankbaar

DIE WOESTYNDOSYN SE EERSTE TREE OP DIE EERSTE NAMIB100. VOETEVAT LANGS DIE SANDVISHAWE-STRANDMEER. EINDPUNT IN DIE MIS. MAAR DIE KAMPBOUERS MIS NIKS. DIE SANDKATEDRALE VAN DIE LANGEWAND. SEESKUIMBOLLE BY DIE EINDE VAN DIE LANGEWAND.



2



3



4



5

jy klaar gestap het, is jy klaar, maar dan kry jy die kere wat jy stap en aanhou onthou,” sê Frieda Esterhuysen van Stellenbosch.

Michelle Staal van Johannesburg: “Dié staproete

stroop jou van die gejaagde lewe. Binne ’n dag ontspan jy. Die Namib is ontsagwekkend en jy besef hoe verganklik jy is. My emmer is oorloopen toe vol.”

Dag Vier het ons suidwes uit die duine gestap in die rigting van ’n plek genaamd Conception Water. Dit was meer as ’n eeu gelede die “hoofkwartier” van die koorsige diamantbedryf van die Skedelkus, die verbode land. Daar neffens die roeskarkasse van ou masjiene het ons kamp opgeslaan. En *bubbly*-bottels se koppe afgeslaan. Die partytjie was groot, maar die emosie vlak. Môre stap ons uit. Op die vlak het net die ou polisiehouthuisie van weleer gestaan; nou ’n klein museum. En daar was geen rêrige diamante meer oor nie. Of so dink hulle ...

“Stap behels drie fases: fisiek, psigies en die samekoms van liggaam en siel. Hierdie stap was besonders,” sê Heidi Smith van Stellenbosch.

Karien Schoeman: “Ek het al verskeie kere deur die Namib gery, maar om dit te stap, het die woestyn nog stywer om my hart gebind.”

“Dis onbeskryflik om langs die onge-repte see te stap met die wilde woestyn aan die ander kant,” sê Arina Botes.

En dan dink Lizaan Rademeyer van Worcester dit gaan eintlik oor kampeer: “Ek het nog nooit gekampeer nie. Ek het in die woestyn leer kampeer. Nou kan ek enige plek, enige manier kampeer.”

“Dit was soms moeilik, maar algeheel is dit onbeskryflik. Die woestyn gaan lê diep in jou siel,” sê Ronel Steyn van die Kaap.

Dag Vyf slaan ons vir oulaas tent op. Ná brekfis stap ons uit na die 110-jarige wrak van een van die Skedelkus se baie skeeps-wrakke, die Eduard Bohlen.

“Die woestyn het ’n manier om jou te stroop van alles. Alles wie jy dink jy is, of selfs moet wees. Jou behoeftes raak eenvoudig. Drink water, eet en soek elke aand skuiling vir jou tent. Maar die eenvoud, dis hoekom ek hier is,” praat Anette Grobler groot waarheid.

Soos ons uitstap van Conception Water af tot by die skepswrak loop die roete oor die een klein duintjie op en dan weer af. Elke keer wanneer jy bo kom, is die roeswrak en die einde van jou onvergeetlikheid effe nader. So drie duine voor die skip ons insluk, hoor ek vir Susina. Sy praat, in die ruimte in. “Die einde van hierdie stap is nou basies hier. En ... dis vir my sleg.”

Skielik stap Ingrid Jonker vir oulaas saam ...

*Korreltjie korreltjie sand
klippie gerol in my hand
klippie gesteek in my sak
word korreltjie klein en plat
Sonnetjie groot in die blou
ek maak net ’n ogie van jou
blink in my korreltjie klippie
dit is genoeg vir die rukkies*

En twaalf woestynrose stap uit die Namib uit as twaalf fyn geslypte diamante. **FF**

* Vir meer inligting: www.namib100hike.com, e-pos: namib100@livethejourney.co.za Stapdatums vir 2020: 9-14 April, 2-7 November en 30 November - 5 Desember.

stapkenner Anette Grobler (kyk www.silentsteps.co.za) was saam. Want sy maak ’n bestaan uit stap en het al lankal as ’n voetblaasspesialis gekwalifiseer.

Emma de Wet van Worcester reken: “My pa se liefde vir die Namib was my inspirasie, maar sand was nog altyd my aversie. Vandag het ek my tekkies verruil vir kaalvoet en meer as 10 km op daai sand gestap. Ek glo ek en sand het kontak gemaak ... en vrede gemaak.”

Marienne Burger van Johannesburg: “Is ek oukei? Is ek op die regte pad? wonder ’n mens mos maar partykeer. Hierdie staptog is die beste manier om weer met jouself in te *clutch*. Elke tree, elke oomblik, elke sandkorrel.”

“As jy lief is vir stap, sal jy stap. Meestal as